**Skriflesing:** Jesaja 7:1-17
**Tema:** Wie val, staan vas.

Die Assiriërs het as 'n wêreldmag op die toneel verskyn. Hulle het ‘n al groter bedreiging vir ander nasies geword.

Aram, onder leiding van Resin, en Israel, met Peka as koning, het besluit om 'n koalisie teen Assirië op die been te bring. Hulle wou Agas van Juda by die koalisie betrek. Hv weier egter om hieraan deel te neem.
Resin en Peka besluit toe om Agas met geweld te dwing om deel te word van die koalisie, al beteken dit dat hulle hom met 'n koning van hulle keuse moet vervang.
Jesaja 7 moet verstaan word teen die agtergrond van hierdie gebeurtenis.

Waarom was Agas en sy volksgenote so bang vir die Arameërs? Die lank en die kort is dat hulle nie op God vertrou het nie.

In Jesaja 7:3-9 kry ons God se boodskap aan 'n bang koning en sy onderdane. Die Here stuur Jesaja met sy seun Sear-Jasub na die koning toe. Die seun se naam is simbolies - dit beteken: "'n Oorblyfsel sal terugkeer". Dit herinner aan Jesaja 11:1 waar ons lees van ‘n afgekapte stomp waaruit ‘n loot sal uitloop.

Die naam het 2 kante. “Oorblyfsel” is ‘n waarskuwing van God se vernietigende oordeel van hulle wat nie op Hom vertrou nie. “Sal terugkeer” is ‘n teken van hoop dat sommige gered sal word.

God se boodskap aan die bang Agas is een van bemoediging: “Sê vir hom: Bedaar! Bly kalm! Moenie bang wees nie! Moet jou nie ontstel oor hierdie twee stukke brandhout nie, hulle rook net. Moenie bang wees vir die dreigemente van Resin en sy Arameërs en van Peka seun van Remalja nie.” (Jesaja 7:4)
God sal sorg dat daar niks kom van die aanval van Resin en Peka nie. Hulle is soos rokende brandhout, hoogstens lastig, maar andersins betekenisloos.

Hulle lotgevalle en die lotgevalle van alle volke is in God se hande. Interessant is die gebruik van die woord “net” in Jesaja 7:8-9 as daar van Damaskus, Resin, Samaria en Peka gepraat word. Voor God is hulle nietig en klein.

En dan volg die oproep van die Here in Jesaja 7:9: “Maar ook julle sal nie standhou, as julle nie in geloof standhou nie.”

Ons lees soortgelyke boodskappe in Jes 28:16; 30:15:
“Wie op My vertrou, hoef nie te vlug nie.”
“So het die Here my God, die Heilige van Israel, gesê:
  As julle julle bekeer en tot rus kom, sal julle gered word.
  Julle krag lê in stil wees en vertroue hê.”

Wat God van Agas en sy volk verwag, is dat hulle sal glo. In volkome vertroue op en afhanklikheid van God moet hulle om hulle knieë voor Hom val en ook so leef.

Agas moet afsien van sy eie planne, van sy dwaasheid om by Assirië hulp te soek. Hy moet by die Here alleen sy hulp soek.
Wie op sy eie planne en vermoëns staatmaak, gaan ten gronde. As Agas met onwrikbare geloof vashou aan die beloftes van God, sal hy en sy koninkryk bly staan.

Jesaja 7:10-17 handel oor die Here wat aan Agas ʻn teken wil gee om juis dit te bevestig. Agas kan enige teken vra as bewys dat God by hom is en sy vyande kan verpletter. Hy weier egter ʻn teken met die woorde: "ek sal nie die Here tart nie."
Sy weiering klink vroom, maar dit is in werklikheid 'n poging om sy ongeloof te verberg. Agas wil nie voor God buig nie. Hy wil nie op Hom vertrou nie. Hy wil sy eie planne maak.

Die Here sien deur Agas se plan. Daarom sal Agas 'n teken kry, of hy dit wil hê of nie.
ʻn Jong vrou sal swanger word. Sy sal geboorte skenk aan 'n seun en hom Immanuel noem. Die naam beteken: "God is by ons" Die jong vrou is waarskynlik 'n vrou in Agas se hofhouding. Oor wie die seun in Agas se tyd was, is baie gespekuleer. Dit kan die kroonprins Hiskia of een van Agas se ander seuns wees. Ons weet nie.

Vir Agas is die geboorte van die seun 'n teken van verlossing, maar ook van oordeel. Elke keer as Immanuel by hom in die paleis verbyloop, hoor hy die gerusstellende woorde van Jesaja: Maar voordat die seuntjie weet om te verwerp wat verkeerd is en te kies wat goed is, sal die lande van die 2 konings vir wie jy so bang is, verwoes wees. Dit sal, met ander woorde, binnekort gebeur.
Maar daar is ongelukkig meer. Elke keer as Immanuel by hom in die paleis verbyloop, hoor hy die onheilspellende woorde van Jesaja: die seuntjie sal nie leef van die landbouprodukte van Juda nie, "hy sal net dikmelk en heuning eet..."

Omdat Agas en sy mense kies om nie aan die Here gehoorsaam te wees nie en eerder op hul eie vermoë staatmaak, omdat hulle koalisies met ander volke te sluit, staar hulle volslae vernietiging in die gesig.

God gaan Egipte en Assirië gebruik as werktuie om Juda te vernietig. Dié twee volke sal soos vlieë en bye op Juda toesak en die bevolking in ballingskap wegvoer. Die inwoners sal weer, soos toe hulle ʻn swerwersbestaan in die woestyn gevoer het, veldkos, dikmelk en heuning eet.

Maar ten spyte van Agas en Israel se onttrou, bly God getrou. God sal weer herstel werk. ʻn Oorblyfsel sal terugkeer. ʻn Loot sal uit die afgekapte stomp uitloop.

Baie jare hierna is, ook vir ons, ʻn Seun gebore.
Ons lees in Matteus 1:23 "Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem. Die naam beteken God by ons."

Hoe voel jy oor Kerstyd en 2026 wat voorlê?

Onthou ons teëstanders, hulle waaroor ons ons so ontstel is net mense. Maar ons is ook net mense.
Daarom bewe ons soms soos bome in die bos bewe in die wind.

Maar dit is nie nodig nie. Kersfees is ons versekering dat die trou van God triomfeer oor ons onttrou. Ten spyte, of dalk eerder as gevolg van ons sonde, stuur ons Vader sy enigste Seun na ons toe. Hy is Immanuel - God by ons.

Hoor as die Here vanoggend weer vir elkeen van ons oproep: "Bedaar! Bly kalm! Moenie bang wees nie! " (Jesaja 7:4)

Dit is God se wens vir ons, maar ons elkeen het 'n keuse.
As jy op jou eie wil staan, sal jy val.
As jy op jou knieë in aanbidding voor die Here val, sal jy staan.
As jy vas glo, sal jy vas staan.

Kom ons kies om nie soos Agas en die volk op ons eie planne en mense te vertrou nie . Kom ons kies saam met Jesaja: "Ek vertrou op die Here, op Hóm hoop ek." (Jesaja 8:17)

Kom ons kies saam met Dawid en die volk in die woorde van Psalm20:8-9:
"[8]Sommige vertrou op strydwaens en ander op perde, maar óns, ons vertrou op die Naam van die Here ons God.
[9] Húlle sal struikel en val, maar óns sal regop en vas bly staan."
Amen